Laerskool Mooirivier: Anti-afknoubeleid (Boeliebeleid)

Verklaring van voorneme

Ons is verbind tot die daarstel van ’n sorgsame, vriendelike en veilige omgewing vir al ons leerders sodat hulle in ’n ontspanne en veilige atmosfeer kan leer, waar kennis gekweek en wedersydse respek bevorder word. Afknouery van enige aard is onaanvaarbaar by ons skool. Dit sal nie geduld word nie.

Doelwitte van hierdie Beleid

Hierdie beleid sit die skool se posisie oor afknouery uiteen en stel die prosedures en prosesse vir reaksie op voorvalle van afknouery, vas. Die spesifieke doelwitte van die beleid sluit in:

- Dit ondersteun ander skoolreëls, gedragskodes, beleide en programme deur ’n sorgsame, vriendelike en veilige omgewing vir alle leerders te verseker.
- Bystand in die skep van ’n klimaat waarin die skool se beheerliggaam (BL), onderwysers, administratiewe en ander personeel en leerders ingelig word oor afknouery, die verskillende tipes afknouery wat kan voorkom, begryp en in staat gestel word om dit aan te meld en daar teenoor op te tree.
- Bystand in die skep van ’n klimaat waarin ouers en voogde ingelig word oor afknouery, die verskillende tipes afknouery wat kan voorkom, begryp en in staat gestel word om dit aan te meld en daar teenoor op te tree.
- Die vestiging van die raamwerk en prosedures vir die konsekwente en doeltreffende optrede jeens alle gevalle van afknouery.

Wat is afknouery?

Afknouery behels die **herhaaldelike uitsoek** en doelbewuste seermaak of benadeling van ’n(dieselfde) kind met die doel om hom/haar fisies of psigologies seer te maak of te benadeel. Afknouery loop uit op pyn, swak selfbeeld, gevoel van minderwaardigheid, depressie, ontrekking van aktiwiteite, isolasie, angstigheid van die slagoffer en selfs selfmoord.

Afknouery kan in ’n aantal verskillende gedaantes voorkom, insluitend:

- **Fisieke afknouery**: Dit sluit herhaaldelike slaan, stamp, klap, pootjie of die trek van iemand se hare, afpluk van tasse, asook die gewelddadige afneem van ’n ander kind se kos, geld of besittings.
- **Verbale afknouery**: Dit sluit dreigemente, beledigings, spottery, uitskelling en rassistiese of seksistiese uitsprake in.
- **Nie-verbale afknouery**: Dit sluit die skryf van kwetsende boodskappe, briewe of graffiti in, gesigte trek, wys van tekens of die verspreiding van prente en video’s wat ’n kind se reputasie beskaam, beseer of beskadig.
- **Sosiale afknouery**: Dit sluit skindery, verspreiding van gerugte, die doelbewuste uitlaat van ’n persoon uit ’n groep, afbrekende opmerkings en die verbreking van vriendskappe in.
- **Seksuele afknouery**: Dit sluit die uitdeel van onvanpaste notas, grappies en prente, uittarting en die begin van gerugte van ’n seksuele aard, in. Dit kan ook ongevraagde aanraking en gedwonge seksuele gedrag insluit.
- **Kuberafknouery**: Dit sluit die gebruik van die internet, sellulêre telefone of ander elektroniese tegnologieë om te beledig en te teister, gerugte te versprei, kinders se reputasie te beskadig, en skadelike video’s of foto’s te versprei, in.

Waarom is dit belangrik om afknouery aan te pak?

- Niemand verdien om ’n slagoffer van afknouery te wees nie. Almal het die reg om met respek behandel te word. Afknouery maak seer.
- Leerders moet met die nodige kennis en vaardighede in staat gestel word om afknouery te verhoed, dit te identifiseer en dit te hanteer.
- Dit is die verantwoordelikheid van die skool en ouers saam om toe te sien dat leerders wat afgeknou word, onmiddellike hulp en ondersteuning ontvang.
- Dit is die verantwoordelikheid van die skool en ouers om ’n oop-deur-verhouding te verseker waar kinders die vrymoedigheid het om in veiligheid insidente aan te meld en privaat gesprekke met ’n onderwyser hieroor te kan voer.
- Dit is ook die verantwoordelikheid van die skool en ouers om die oortreders van afknouery te dissiplineer en hulle in samewerking met die ouers te ondersteun in die aanleer van verskillende en geskikte gedragswyses.

- Dit is ook die verantwoordelikheid van die skool om waar van toepassing die ouers in te lig van gebeure.
- Leerders moet leer dat afknouery gevolge het en gestraf word.
- Leerders moet leer en besef dat een leerder nie bo ’n ander leerders verhef is nie.
- Afknouery wat nie aangespreek word nie kan lei to leerhindernisse.

Regte en verantwoordelikhede

Elke leerder in hierdie skool het die reg om:

- Te leer, werk, speel en lei sonder die vrees om emosioneel of fisiek geskaad te word.
- Gelukkig te wees en vry om met maats te speel en om eie maats te kies sonder om geteister te word oor sy/haar keuse.
- ’n Gevoel van samehorigheid, aanvaarding en vriendskap te ervaar.
- By klas- , speelgrond- en buitemuurse aktiwiteite ingesluit te word.
- Met beleefdheid en respek deur ander hanteer te word.
- Vir ’n afknouer te vra om sy handeling te staak en om om hulp te vra indien die handeling volhou word.
- Om veilig en geborge te voel.
- Nie bedreig te voel nie.

Elke leerder het die verantwoordelikheid om:

- Sonder diskriminasie ander te respekteer en vriendelik te wees.
- Met ander saam te werk in skoolaktiwiteite.
- Maats te ondersteun en aan te moedig.
- Gedrag wat neerkom op afknouery, aan te meld.
- Privaatgesprekke te voer.
- Briewe in posbussie te plaas.

Elke onderwyser en personeellid het die verantwoordelikheid om:

- Kinders met waardigheid en respek te hanteer en om by te dra tot die daarstel van ’n eerbiedige skoolomgewing

- Kinders se gedrag te moniteer en gedrag wat tot afknouery kan lei, aan te teken en te ondersoek.
- Onmiddellik tussenbeide te tree in die geval van vermeende afknouery
- Alle afknou-insidente vir verdere optrede aan te meld.
- Die ouers so spoedig moontlik indien nodig te verwittig.

Elke ouer of voog het die verantwoordelikheid om:

- Gevalle van vermeende afknouery aan die skool te meld (verkieslik skriftelik).
- Met die skool saam te werk in gevalle van afknouery en om skoolprosedures in reaksie op afknouery, te volg.

Die skool se beheerliggaam het die verantwoordelikheid om:

- Beslissend op te tree teen afknouery wanneer dit voorkom.
- Toe te sien dat prosedures en prosesse konsekwent en regverdig gevolg word.
- Dissiplinêre prosedures in gevalle van ernstige wangedrag, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996), aan te voer en te bestuur.

Prosedures

Onderwysers is verantwoordelik vir die hantering van mindere of eenmalige oortredings of problematiese leerdergedrag en -verhoudinge. Daar moet seker gemaak word dat alle leerders presies verstaan wat afknouery is en dat dit die voortdurende viktimisering van ’n leerder behels. Die insident moet ook skriftelik deur die onderwyser aangeteken word vir rekorddoeleindes. Ernstiger voorvalle behoort by die skoolhoof / boelie-komitee aangemeld te word vir verdere optrede. Sodra ’n voorval aangemeld is, behoort die skoolhoof:

- Individuele onderhoude met die betrokke leerders en getuies voer om vas te stel wat plaasgevind het.
- Albei kinders se ouers of voogde in kennis stel van die voorval en ’n vergadering belê om die voorval en die weg vorentoe te bespreek. Deeglike onderhoud met die boelie se ouers om die oorsprong van die gedrag te probeer bepaal.
- Die geskikte intervensie, aksies en sanksies bepaal.
- Die voorval, waar toepaslik deur die hoof/boeliekomitee aan die BL te rapporteer.

- Ernstige gevalle moet na die Departement van Onderwys verwys word.
- Die nodige hulp en bystand aan die afgeknoude kind bied, insluitend verwysing na sielkundige of ander dienste waar nodig.
- Om te verseker dat die afgeknoude kind beskerm sal word en nie verder blootgestel word n.a.v die aanmelding of selfs deur die aanmeldingsproses nie.
- Die betrokke leerders moniteer om te sorg dat die afknouery nie voort duur nie.
- Die voorval moet skriftelike aangeteken word en moet deur die oortreder en die ander betrokke by die hantering van afknouery geteken word.
- Die aanwys van ’n voogonderwyser om die saak op te volg na ’n sekere tydperk en vas te stel of die afknouery gestaak is.

Uitkomste

Die skool se reaksie op alle aangemelde gevalle van afknouery sal met omsigtigheid, in lyn met die Handves van menseregte, hanteer word en die gevolge sal bepaal word na gelang van die erns van die afknouery, die ouderdom van die leerders en die geskiedenis van die voorval. Moontlike gevolge (in geen besondere volgorde) sluit die volgende in:

- ’n Verbale of geskrewe verskoning van die afknouer aan die slagoffer te eis
- ’n Verbale of geskrewe waarskuwing
- Detensie
- Die daarstel van ’n gedragskontrak
- Verwysing na ’n sielkundige
- Terugtrekking van voorregte
- Gemeenskapsdiens
- ’n Formele dissiplinêre proses wat uiteindelik tot skorsing kan lei.

Waar moontlik, sal maatreëls ’n rehabiliterende komponent bevat wat daarop gemik is om die probleemgedrag aan te pak.